

# Dié evangelie van die Koninkryk

Gaan en verkondig die evangelie van die Koninkryk en gaan maak vir My Dissipels.

Die Koninkryksnetwerk is vir ons gegee deur YAHUSHA wat in die laaste tyd vir ons openbaar word. Orde in VADER se Koninkryk moet gesien en verstaan word, want VADER se Gesalfde “YAHUSHA” is gestuur om dit vir ons deur te gee.

Die sleutels tot die koninkryk is daar, maar dit is nie vir almal nie, want dit is ‘n verborgenheid. Net die wat met begeerte na die Koninkryk van VADER soek, sal dit vind. As jy nie gebore was uit water en Gees nie, kan jy nie in die koninkryk van VADER ingaan nie. Met waarheid ondersoek kom besef dat jy ‘n Wetsoortreder is. Met daardie besef moet jy tot inkering kom; Bekering (*Omdraai*) moet dan volg. Jy moet erken dat YAHUSHA die Seun van VADER is en dat Hy gekom het om ons oortredinge weg te neem. HY het kom sterf vir ons wetsoortredinge; Ons moet erken dat YAHUSHA wel VADER se Gees is; Dat “YAHUSHA” op die derde dag opstaan het, en dat Hy opgevaar het; Waarvan Hy aan VADER se regterhand sit en weer gaan kom na Sy uitverkore. Verstaan *Hand. 8:12, 37 wat sê: Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van VADER en die Naam van J<sup>esus</sup> YAHUSHA SY Gesalfde verkondig het,...:37 : As u glo met u hele hart,... dat J<sup>esus</sup> YAHUSHA dié Gesalfde die Seun van VADER is.* Sien die gedeelte as die eerste sleutel tot die Koninkryk. .

Tweede **sleutel**: Met ‘n brandende begeerte in jou moet jy vra om gedoop te word. Om gedoop te word is om onderdompel te word in water. Nie in die see of vrot ondrinkbaar water nie, maar water wat lewe op aarde voor laat spruit vir die mens. Om onderdompel te word is om gewas te word, nie die uiterlike nie, maar die innerlike (1 Pet. 3:21).

Derde **sleutel**: Dat jy sal volhard in geregtigheid en die gebooi doen, sodat geboorte van Bo moontlik sal wees in die 1000 jaar van vrede (Open.22:14).

Vierde **sleutel**: Verkoop alles (*wat jy dink joune is*) aan VADER. Gee vanaf skuld las tot die skoene aan jou voete oor aan VADER (Luk.18:22).

Vyfde **sleutel**: Gaan maak dissipels, en verkondig die evangelie van die koninkryk van VADER (Hand.5:42; 8:12).

-----

Voor die netwerk plan wat volg, noem ek dat die wat wel ingeskakel is in die Koninkryk plan, gewoonlik die arm en eenvoudige is. Daarom is my aanbeveling om na die middelklas en die arme te gaan, want dit is hulle wat sal snap en bereid sal wees om sy lewe vir die saak te gee.

Voorwoord:

Die mosterdsaad of koring vergelyking:

Hetsy van watter saad ons praat is die saad mikroskopies klein teenoor wat dit gaan word na ontkieming en groei tot 'n volwasse stadium. Kom ons neem bv. die koringaar; Aan sy buitekant is die semel vel dan die kos vir die werklike lewe wat aan die binnekant van die aar is. Die lewe wat binne in daardie aar is, is latent totdat dit gesaai en benat word sodat dit 100 voudig kan vermeerder. Wat nou van baie belang is, is dat die koringaar 100% gaan voortspruit uit dit wat dit is, "koring" (Joh.12:24). Die mens kan met "dieselfde" lewe vergelyk word waarvan dit wag om geplant en benat te word. In daardie saadkorrel is dié Lewe, ja, maar rondom daardie Lewe kan 'n leemte van niks wees wat oorgetrek is met 'n valse vliesie. Dit lyk op die oog af reg en opreg, maar sal nooit kan groei nie, weens afwesigheid van meel/kos sal benatting nutteloos wees. Ja die mens sê gou: Ons kan, ons sal en ons gaan, maar hoeveel waarheid en krag lê in daardie woorde as daar geen kos rondom die Lewe lê nie. Al voel jy sterk soos Simson van ouds, sal jy soos hy verneder word, want dit lê nie by jou of by my om daardie kos te voorsien nie (Rug.16:20).

Ons gaan nou in respek kyk na die uitbreiding van die koninkryk-netwerk en orde "uit 'n menslike oogpunt" op aarde en in die hemele.

Volgens my navorsing en studie is die hemelse Heerskappy soos volg:  
In die hemele:

Eerstens is dit **VADER**,

Tweedens Sy Seun **YAH / YAHUSHA SY** Gesalfde

Derdens die gerubs, engele, ouderlinge en onbekendes

Op die aarde:

Eerstens is dit die **VADER**,

Tweedens Sy Seun **YAH/YAHUSHA SY** Gesalfde

Derdens die 12 Apostels

Soos ons weet is Ha satan tans in heerskappy op aarde waarvan dit van korte duur is. YAHUSHA het Ha satan openbaar en orde geopenbaar aan Sy dissipels en uitverkore. Die opdrag aan die 12 apostels was: "Gaan maak vir My dissipels en gaan verkondig die evangelie van dié Koninkryk" van VADER (Matt.25:34; 256:29).

Bo kan ons sien dat daar Hemel en Hemele is "Kom ons noem dat daar meer as een realm is". Daar inderwaarheid drie reale-me. Een waar ons as mens wandel; tweede waar die demone en geeste wandel en derdens waar VADER woon. Nou kan ons verstaan dat ons in YAH se "Hemel / realm" wat Hy vir ons geskep het wandel "waar Ha satan ook wandel en vas gevang is op". Dus leef ons in 'n interessante tydperk wat binnekort gaan verander; Waar die Hemel en Hemele se heerskappye weer gaan saamsmelt onder een Heerser; Ons Koning YAH 'die Seun van VADER' is op pad HalleluYAH!

Ons hier op aarde is veronderstel om onder die liefdes-wet te staan wat nie onderhou word nie (Matt.22:36-39). Sonder keuse staan ons wel onder die 10 Gebooië, maar die ware Wette en Verordeninge is tans latent en wagterend op die wederkoms van YAHUSHA.


Om voort te gaan oor die Koninkryk werke.

Die aarde is die ‘Tuin’ van Eden. Aarde = ‘Tuin’ en Eden= ‘Hemel’. Die aardse heerskappy was uit die Hemel “nie Hemele nie” M.a.w. die tweede realm nie uit die derde realm nie. Ons wag nou tans op VADER uit die derde realm/Hemele.

Terwyl ons wag het ons opdragte gekry en hier is die uitbreidings netwerk op aarde vir ons Koning YAH. Ons moet ons afsonder as dissipel–in–aksie om dié koninkryk evangelie te doen. As voorbeeld het ons die apostels en dissipels in YAHUSHA se tydperk. Ons moet net vertrou op Hom en Hy sal jou deel maak van die wenspan wat Hy in Sy tydperk reeds in plek gesit het.


Eerstens  $\longrightarrow$  **Jyself**

Deur die brand in jou hart word jy ‘n dissipel in aksie. Jy kry nog 6 dissipels wat voel soos jy




Dit brand in hulle harte ook soos in joune en hulle elk kry 4 dissipels.

Derdens



Jy verteenwoordig die grys kolle in die koninkryk netwerk.



**A** = Jy het oorgegaan as dissipel na dissipel in aksie (werker) om die evangelie van die Koninkryk van VADER te verkondig.

**B** = Deur YAHUSHA in jou kry jy nog werkers “soos bo uit gewys” en met volle oorgawe vir die saak wek jy baie siele, maar let op dat die pyltjies altyd wegwys van jou af. Alle nuwelinge is dadelik onder YAHUSHA en Sy onder Sy beskerming.

**C** = In die groep wat jy in YAHUSHA is, is daar ook dissipels wat dieselfde soos jy voel oor die saak wat ook 'n werker soos jy gaan word. Ek noem hulle die spontane kinders van YAH. Die spontane dissipels van YAHUSHA kom daar 'n ontsettende ontploffing onder die uitbreiding van die Koninkryk. Dus moet jou gebede gaan dat elkeen van jou groep 'n spontane dissipel te kan word.

-----

'n Kort verduideliking oor die term "In YAHUSHA".

Toe YAHUSHA Sy apostels geleer het was hulle al-die-pad latent en bang vir die dood; Eers toe hulle die Gees van VADER ontvang het was hulle bereid om tot die dood vir die Saak te veg. As hulle nie oorgegaan het in daardie Koninkryk besef nie, sou die uitbreiding gestop het, maar ek verbly my in die woorde van YAH in *Jer. 45:4 So moet jy vir hom sê: So spreek YAH: Kyk, wat Ek gebou het, breek Ek self af; en wat Ek geplant het, ruk Ek self uit; en dit betref die hele aarde. Deut. 32:39 Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit My hand red nie.*

Wat nou van belang is, is dat dit wat nou moet ontketen mag nie stilgehou word nie. Ons mag nie die Lamp onder 'n maatemmer sit nie. Ons mag nie bevrees wees teenoor ander volke en selfs jou eie nie. Dit is nie net vir grootmense nie, maar vir almal. Soos die Skrif sê, as jy dit nie soos 'n kind verstaan nie, is dit nie vir jou nie. So, asb. moet nooit die kinders uitjaag as jy die koninkryk aan die volgende verduidelik nie (*Kinders beteken ook dat dit jongelinge is; Jongelinge in die sin dat hulle nuwelinge is wat die koninkryk betree. Dit kan van kind tot oumens wees wat 'n "jongeling / kindderkies" is. Nuut in die "waarheid" m.a.w.*)

Ons kan sê wat in Joh. 4:22 staan: *Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die reinheid is uit Jakob uit die Juda stam.*

As ek spreek "in die naam" dan beteken dit dat ek iemand se naam gebruik om die volgende te laat weet daar is 'n ander gesag wat jy verteenwoordig. Dus as die hoorder nie gehoor gee in dit wat jy deurgegee het nie sal die hoorder die gevolge dra van die ander gesag wat jou gestuur het. 'n Voorbeeld: pa stuur die seun om die dienaars opdragte te gee en hulle luister nie vir die seun nie. Die seun gee dit deur vir die pa dat die dienaars nie gehoor gegee het in die opdrag wat hy gegee het. Gaan die pa nie dieselfde doen as wat ons in die Skrif lees nie nl.: *Matt.21:33-44 Vers 44 staan: En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.* Die wat teen VADER se Woord (YAHUSHA) gaan ,sal verpletter word; maar op dié wie VADER optree, dié sal vermorsel word.

Die afsluiting: Met die wil van **VADER** sal die groei van die uitbreiding so lyk:

Binne 'n maand vind jy 10 werkers vir die koninkryk van YAH. Die volgende maand kry elk van die 10 werkende dissipels 5 dissipels wat die getal dissipels bring na 60 werkende dissipels in twee maande. Die 60 kry elk 3 dissipels wat die uitbreiding van na 180. Die 180 kry net 2 elk wat die getal dissipels bring na 360. Dus binne 3 maande kan daar menslik gesproke 360 siele wees, waarvan ons die uitverkore Benjamin manne in kan bring waarvan VADER net 1 % gekies het van 30 000. Die 360 siele van bo sal dus +- 4 wees wat in die 3 maande werkend sal wees onder die volk. Ons kan dus met gemak noem dat daar 12 tot 16 vir 'n jaar kan wees.

Nou ons is so +- 200 000 Boere is SA waarvan 1 % werkers kan wees wat jou bring na die getal van 2 000. As die 2000 hul taak soos bo vervul om elk sê 14 dissipels inbring kom ons na 'n getal van 28 000. Dit eers daar gelaat.

*Open. 3:8 staan: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het My Woord bewaar en My Naam nie verloën nie.*

Indien ons na die woorde van die Openbaring luister en verstaan, Waarom sal ons versuim om deur daardie geopende deur te gaan, want niemand kan dit sluit nie!

Ons as **dissipels/werkers** gaan na **VADER** deur **YAHUSHA dié Gesalfde**.

*Matt. 11:27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.*

*Luk 10:22 Alles is aan My oorgegee deur My Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die VADER, en wie die VADER is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.*

*Joh. 14:6 ~~Jesus~~ YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.*

### Hulp uit die Skrifte

{**Angs**=Ps.46; Jak.5:7-11} {**Vrees**=Jes.43:1-5; Mark.4:35-41} {**Droefheid**=Joh.14} {**Bemoediging**=1 Pet.5:10} {**Leiding**=Ps.32:8-10; Spr.3} {**Sekerheid**=Jes.41:1-20; 1 Joh.3:1-3} {**Vergifnis**=Ps.51; 1 Joh.1:8; 2:2} {**Vrede**=Jes.26:1-9} {**Bekommernis**=Matt.6:25-34} {**Dankbaarheid**=Ps.136; Luk.17:11-19} {**Terneergedruktheid**=Ps.37:1-9} {**Eensaamheid**=Ps.22; 42; Joh.14:15-31} {**Versoeking**=Jak.1:12-18; Matt.4:1-11} {**Siekte of pyn**=Ps.6} {**Twyfel**=Spr.30:5; Joh.20:24-29} {**Vermoeidheid**=Jes.40:21-31; Matt.11:25-30}

**Koninkryk** Matt.3:2; 4:17,23; 5:3,10,19,20; 6:10,13,33; 7:21; 8:11,12; 10:7; 11:11,12; 12:25-28; 13:19-52; 16:19; 18:1-4; 19:14; 22:2; 23:13; 25:1,34; 26:29; Joh.3:3,5; 18:36; Hand.1:3,6; 1 Kor.15:24; 2 Tim.4:1; 2 Pet.1:11; Open.1:9; 16:10.

Bedink dit